KAMMANUUS
VIR KAMMALANDERS ORALOOR
Nommer 251 26 Januarie 2009

TOULEIER

Wat mis julle Kammalanders in Anderkantland? Vertel!

Ek weet die Nuwejaarsvieringe is al ver agter ons, maar 'n mens moet maar ook ’n anker uitgooi wat agterna sleep, anders hol die jaar te vinnig weg.

Die eerste maand is amper in sy kanon in. Gelukkig is dit ook darem amper tyd vir die goue arend om te skuit, dan kan 'n mens darem weer effe rustiger asemhaal en minder oor jou skouer vir die balju loer.

Betreffende Nuwejaar, ek wou net gou vertel van die foewa de ghra (Foie de gras) wat ek en Kamermaatjie by die Sheraton ondervind het.

Vir my was dit ’n eerste, en wat ’n moerse eerste! Sawwe eendlewertjies, sag soos murg. Ryk en lekker!

So onthou ek baie plekke aan hulle kos. Vat nou maar crème bruleé. Elke keer as ek daai gestolde Franse vla'tjie eet, vergelyk ek dit met die een wat ons op die kaai van Monaco geëet het. Of die hoender breyani by Sham Cheng in Hong-kong. Niemand kan dit namaak nie.

Anderkantlanders se lus hang uit!

Nou vertel iemand my van ’n paar Anderkanters wat planne geprakseer het om biltong te maak, omdat die lus ná 'n paar maande in die vreemde darem te erg begin uithang het.

Die man in Oz sê hulle het eers die Aussies se jerky probeer, maar dis nie naastenby biltong nie. Hy dink hulle maak dit van *roadkill* – kangaroes en jakkalse wat op die snelweg doodgery is.

Die Anderkantlanders prakseer 'n geventileerde kaskontrepsie met 'n verwarmer en 'n waaier, en natuurlik 'n paar vleishakies, koop die vleis en die sout en speserye en laat waai. En 'n paar dae later eet hulle biltong dat die vet drup!

Twee ander kêrels, een in Frankryk en die een in Oostenryk, kry nog gereeld 'n voorraadjie biltong van moederlief in Duskantland af, en in Engeland bedryf 'n taalgenoot van ons 'n Suid-Afrikaanse slaghuis met 'n groot omset.

En hier sit ek ook nou al vier maande in Sandkantland, en sulke stories laat my eie lus en die verlange huis toe sommer ook uithang.

Darem nou die dag ’n Saner tuisnywerheid raakgeloop waar 'n mens van koeksisters tot karringmelkbeskuit kan aanskaf. En natuurlik Mrs. Balls.

Komaan – Vertel ons!

Nou is dit jou beurt: vertel vir ons wat JY van Suid-Afrika mis. En as jy ’n Duskanter is, vertel ons waarsonder jy nie sal kan klaarkom die dag as jy moet Anderkant toe nie.
Die wenbriefie kry die DVD ***Blik en Snaar***, ons DVD oor die geskiedenis van die Ligte Afrikaanse Liedjie. Gaan kyk gerus by http://www.onsdorp.com/dvd.html en bestel sommer jou eie. Wen jy dan die kompetisie-DVD, kan jy dit sommer vir 'n vriend aangee!

Sprokiesbriewe se wenner

Van pryse gepraat, veels geluk aan **Brunilda Monnig** van die Verenigde Arabiese Emirate, wat die wenbriefie ingestuur het oor Sprokies. Jou geskenkbewys is op pad! Ons is behoorlik toegegooi onder die reaksie, en dit was tog so lekker om van oral af te hoor. (Kyk **Briewebus** op bladsy 9.)

Nou ja, tot volgende keer, hou die taal, kou die taal, bou die taal!

Hennie Greeff
Doha, Katar

ROELFIE
SLAAT RAAK

✤ Waar was hulle?

Droom Roelfie mos nou die nag hy is 'n vlieg teen die Moegapies van Zimbaapwe se paleismuur, waar die president en sy vrou sit en gesels.

Sy het mos hoeka 'n Britse persfotograaf op haar inkopietog in Hongkong met die vuiste toegetakel en 'n hele paar snye met haar diamantringe aan sy gesig veroorsaak - en dit het seker in Roelfie se onderbewuste gekook.

"Eish! Dis darem lekker, die R300 miljoen wat ons broers van oorkant die Limpopo so goedgunstiglik aan ons geskenk het! Nou kan ons tóg vanjaar weer in Maleisië gaan kuier, waar ek weer kan *shop* tot ek *drop!*" sê Ghrys.

"Ja. Ons sal net spoedig 'n ander storie moet uitdink, hulle glo nie meer dat al ons probleme van die Weste af kom nie. Hier is glo 'n paar mense wat siek en honger is," sê Moegapie.

"Ag, bogger hulle," sê Ghrys. "Lat hulle wurms en insekte eet, vuil water drink en van die cholera omkom. Wat traak dit ons?"

En daar skrik Roelfie wakker. Maar die volgende dag skakel Roelfie in op een van daai inbelprogramme op 'n Engelse radiostasie. Slaan hy sy hande saam oor die baie swartmense wat inbel en hulle aan Moegapie se kant skaar.

► Laat mens wonder waar was hulle toe verstand uitgedeel is.

✤ Die Boere moet help red

Ja nee, dit lyk of die Boere maar die kastaings vir die ANC uit die vuur sal moet krap, want ná 15 jaar is daar niks in Duskantland wat meer ordentlik funksioneer nie.

Die plaaslike regerings het tot so 'n mate verval dat die Afrikaanse Handelsinstituut 'n ooreenkoms aangegaan het om dinge te help regruk. Dit geld veral rioolwerke en waterinstallasies en die herstel van rivierstelsels.

Die AHI is ook gevra om 'n oudit van die 280 plaaslike regerings te doen. Die AHI moet sê watter owerhede kort drastiese optrede (minstens die helfte funksioneer glo nie meer nie), watter optrede nodig het en watter goed funksioneer (minder as 10% sover Roelfie se kennis strek).

►Die goeie nuus is dat die nuwe regeerders erken hulle het hulp nodig. Tog jammer dat die einste mense wat die kennis gehad het, destyds die deur gewys is.

✤ Slaagsyfer nóg vrotter

In Mpoepallankal - waar anders? - is daar nog 2500 kinders wat op hul matriekuitslae wag en dit eers einde vandeesweek te wagte kan wees. Daar word baie redes opgegee, maar alles kom neer op onkunde.

Nou kan 'n mens ook haas enigiets met statistieke bewys, maar die SA Instituut vir Rasseverhoudinge se stelling oor die matriekslaagsyfer maak nogal sin.

Dis nie 62.5% nie, sê die SAIRR, maar 36.2% as jy kyk na die slaagsyfer van die kinders wat in 2007 in gr. 11 was. Net 64% van hulle het matriek geskryf, van wie net 36.2% geslaag het.

Klink na beter wiskunde as dié van daai haas Julius Malema, leier van die ANC se sandputkinders.

"Die ANC soek nie 'n tweederde meerderheid nie," sê hy. "Ons wil 'n driederde meerderheid hê - 75%."

►Klink of hy ook 'n produk van ANC-sonderwys is.

✤ Jaloers op die Yanks

Soms, net soms, is Roelfie jaloers op die Amerikaners. Hulle kry 'n belese, berese, hoogsgeletterde, charismatiese en gebalanseerde president met 'n silwerskoon rekord.

En wat gaan Duskantland kry? 'n Halfgeletterde nar, 'n singende, dansende geweerswaaiende veelwywer wat alles inspan om nie verhoor te word nie op **783 (!)** aanklagte wat wissel van omkopery en geldverduistering tot korrupsie.

►En niks daarvan is eers apartheid se skuld nie!

Allegaartjie



MANS
moet mooi dink voordat hulle
TROU

Blouwillem in *Beeld* se Oom Johnny het goeie raad vir mans wat wil trou. Eintlik, sê hy, moet die huweliksformulier ernstig aangepas word – sodat die kêrel sal verstaan wat op hom wag . . .

"Ek reken net hulle moet voordat 'n jongman trou, vir hom beter verduidelik wat hy alles te wagte kan wees wanneer hy trou en kinders het," sê oom Johnny.

"Of die dominee moet dit in die huweliksplegtigheid bywerk by daai deel waar hy jou vra of jy haar deur dik en dun (of is dit dik en dik?) sal bystaan," sê hy.

"Die dominees moet meer spesifiek wees en byvoorbeeld vra: 'Sien jy, Bartholomeus Josephus Andreas Janse van Rensburg, kans om by Katryntjie Myburg hier aan jou sy te bly deur 550 kolieknagte, 2 700 poefdoeke, 36 kinderpartytjies met narre en springkastele, 15 optredes as Kersvader, 60 as die tandemuis, sewe seisoene van sywurms en moerbeiblare, 40 Saterdae se Bulletjie-rugby pleks van gholf, 300 skooltake, 2 000 ballet-, swem-, tennis-, klavier-, drama- en stoeiklasse, kompetisies of kunswedstryde, 24 tienerpartytjies met diskoligte in jou motorhuis, 80 uur in rybewystoue en deur vier gebarste geisers, lekkende swembaddens, yskaste, skottelgoed-wasmasjiene en sewe tienerliefdesteleurstellings?

"Bartholomeus, wat is hierop jou antwoord?' Nee manne, laat ons 'n bietjie hoor wat antwoord daai perdjie sulke tyd!

"En wat die dominee en niemand anders daai tyd vir jou sê nie, is dat alles weer vir jou van voor af begin as jou kleinkinders naby jou kom nesskop. Maar soos ek sê, dis die lewe."

Onthou jy nog dít?

Dan word jy oud!
In 1970 kon jy 'n goeie bottel rooiwyn vir 65 sent koop. En 'n splinternuwe Volksie 1300 het jou 'n hele R1399 uit die sak gejaag! (Bygesê, dit was darem ook 6-7 maande se salaris!)

En om te dink ons is al die jare lank wys gemaak dat dit 'n portret van die ware Jan van Riebeeck is!

Dink net —
Kinders wat in 1992 gebore is:

- Gee glad nie om wie JR geskiet het nie. Hulle weet nie eens wie JR was nie.
- Dink vigs was nog altyd deel van die lewe.
- Het geen idee hoe 'n tikmasjien werk nie.
- Het nog net van apartheid gehoor.

Dié week se giggels



VIAGRA

Gehoor van die nuwe Viagra-poeier wat jy oor jou gras strooi. Die volgende dag gebruik jy die erdwurms vir dakspykers.

Die eerste Viagra Baba is onlangs in Newcastle gebore. Die kind het glo reeds die volgende dag penorent gesit.

BLONDE TERRORIS

Wat het gebeur toe die blonde terroris die bus probeer opblaas?

Sy het haar lippe op die uitlaatpyp verbrand.

VARKE EN SPEK

Hoekom raak vroue deesdae al hoe onwilliger om te trou?

Omdat hulle eerder spek in die yskas wil hê as 'n vark in die sitkamer.

STERRETJIES

'n Nuwe werknemer bel die rekenaarhulp om te kla dat daar iets verkeerd is met haar wagwoord.

"Die probleem is dat wanneer ek die wagwoord tik, dit net sterretjies wys," sê sy.

"Daardie asteriske is om jou te beskerm,' sê die rekenaarhulp.

"As iemand agter jou staan sal hulle nie jou wagwoord kan lees nie."

"Ja," sê sy, "maar hulle wys selfs as daar niemand agter my staan nie."

WEERWRAAK

Die vrou verskyn in die hof vir 'n verkeersoortreding, en verklaar dat sy 'n onderwyseres is.

"Mevrou," sê die landdros, "ek wag al jare lank dat 'n onderwyser in my hof moet verskyn."

Hy glimlag toe, en sê met die grootste genoegdoening: "Gaan sit by daardie tafel, en skryf 500 keer 'Ek sal nooit weer 'n rooi verkeerslig verontagsaam nie.'"

KYK NET HOE SÊ SY HOM!

Die berede polisieman was op sy perd, op die punt om die straat oor te steek, toe 'n dogtertjie met haar blink trapfiets langs hom stop.

"Mooi fiets," sê hy, "het Kersvader dit vir jou gebring?"

"Ja!" sê sy trots en opgewonde.

Hy kyk die fiets deur, en gee haar 'n R50 boete.

"Sê volgende jaar vir Kersvader hy moet onthou van die reflektor."

Die dogtertjie kyk op na die polisieman op sy perd.

"Mooi perd," sê sy, "kom dit ook van Kersvader?"

"Ja, hoe't jy geraai?" sê hy.

"Onthou om volgende jaar vir Kersvader te sê die poepol sit onder die perd se stert, nie op sy rug nie!"

BC deur Johnny Hart

Die Dooie Perd -teorie

Hierdie wysheid van 'n Noord-Amerikaanse Indiane-stam word van geslag tot geslag deurgegee.

"As jy ontdek dat jy op 'n dooie perd ry, is dit die beste om af te klim en 'n ander perd op te saal."

In Suid-Afrika se korporatiewe-, onderwys- en regerings-instansies word meer gevorderde strategieë gebruik, soos:

1. Koop 'n sterker sweep.
2. Verander die ruiter.
3. Stel 'n komitee aan om die perd te bestudeer.
4. Stel 'n kommissie aan wat ander lande besoek om te kyk hoe hulle dooie perde ry.
5. Verlaag die standaarde sodat dit 'n dooie perd kan insluit.
6. Herklassifiseer die dooie perd as "lewend gestremd."
7. Stel kontrakteurs aan om die dooie perd te ry.
8. Span verskeie dooie perde saam in om die dooie perd se vertoning te verbeter.
9. Verskaf bykomende fondse en/of opleiding om die dooie perd se prestasie te verbeter.
10. Doen 'n produktiwiteitstudie om vas te stel of ligter ruiters die dooie perd se prestasie sal verbeter.
11. Verklaar dat aangesien die dooie perd nie gevoer hoef te word nie, dit goedkoper is, laer omsetkoste vereis en dus 'n aansienliker bydrae lewer tot die eindresultaat van die ekonomie as wat met sommige ander perde die geval is.
12. Hersien die verwagte vertoningsvereistes vir dooie perde.

EN NATUURLIK:

13. Promoveer die dooie perd tot 'n toesighoudende posisie.

As jy dit alles verstaan, is jy beslis 'n Suid-Afrikaner.

So 'n bietjie PITKOS

Menslike sienvermoë vergelyk

As die oë van die persoon wat hier lees so sterk as dié van 'n arend was, sou hy elke letter van 'n afstand van 100 meter kon lees.

Bygesê, sy oë sou dan so groot soos tennisballe moes wees.

As die mens se oë soos 'n apie s'n was, sal hy hierdie letters net van 'n afstand van 2.5 cm kon lees.

Die mens se hartklop

'n Mens se hart klop gemiddeld 72 slae per minuut, en pomp met elke slag 59 kubieke sentimeter bloed.

Teen hierdie pas sal 'n 70-jarige se hart al genoeg bloed gepomp het om jaarliks die brandstoftenks van tien Boeing-747 vliegtuie te gevul het.

MAKERIEPAS

Mosambiek-safari - Deel 2

Deur Corinus du Toit

Onderhandelinge afgehandel, en daar word besluit dat Suid-Afrika voertuie en rantsoene sal verskaf om te help met die oopstel van die kraglyn. Die eerste vrag word per konvooi Beitbrug toe gestuur waar die Mosambiekers dit sal kom afhaal.

Ons kom met die aanbreek van die Paasnaweek by Beitbrug aan, maar daar is geen Mosambiekers nie. Wag die hele dag en parkeer die aand die konvooi in die militêre basis in Messina. Volgende oggend ry ek alleen deur Beitbrug toe om op hulle te wag – en so ook die volgende oggend en die een daarna.

Laat die middag van dag vier daag hulle voertuie uiteindelik op en laat ek die konvooi inderhaas kom. Ons ry deur tot by die Zimbabwiese doeane en ná die nodige formaliteite en fotonemery begin die oorlaai.
Ek sien sommer gou dit gaan 'n ewigheid neem en my drywers spring self in om te help. Die Boertjies is toe nou net mooi dik daarvan om 'n hele langnaweek in Messina Militêre basis te moet bly en werk die Mosambiekers onder die stof. Toe doeane haas wil toemaak, is ons klaar.

As daar ooit iemand is wat 'n kompetisie wil uitskryf vir die mees vervelige plek om 'n langnaweek deur te bring, het ek klaar die wenner. 'n Langnaweek voor die doeanegebou aan die Zimbabwe kant van Beitbrug in die dae toe hulle nog kwaad was vir ons.

Die volgende rantsoene word Beira toe ingevlieg en ek maak seker dat daar by die oorhandiging vir elke karton geteken word. Spesiale Magte stuur 'n fotograaf saam, en met landing en opstyging word mooi kleurfoto's van Beira se verdedigingsuitleg uit die lug geneem. 'n Mens weet nooit wanneer die vrede gaan ophou nie.

Groot verleentheid vir die RSA toe die blikkies vis in die eerste besending rantsoenpakke via Beitbrug later blyk vrot te word.

(In die euforie oor die ewigdurende vrede wat ná Nkomati aangebreek het, skenk 'n klomp boere van Bethal tonne aartappels aan Mosambiek. Later staan ek met die onderskepte radioberig in my hand wat aandui dat die aartappels reguit Maputo-hawe toe is en direk Rusland toe gestuur is. Jammer boere, julle aartappels het help afbetaal aan Mosambiek se wapenrekening!)

Ten opsigte van die voertuie sal Mosambiek die drywers verskaf wat in Suid-Afrika opgelei gaan word. Hulle sal dan die voertuie self Mosambiek toe bestuur.

Dus bevind ek myself een dag in 1985 op Maputo-lughawe in afwagting op die drywers wat moet kom, maar niks gebeur nie. Die tyd stap aan, en ek slaan later die lyn Pretoria toe vir 'n besluit.

Net voordat dit te laat word om op te styg om nog betyds by Madimbo te kan land, kom 'n wipbakvragmotor die aanloopbaan opgejaag en spring 'n veertigtal soldate sonder bagasie uit.

Ek boender hulle in die vliegtuig en daar gaan ons, met die vlieënier wat vertel dat ons dit miskien net-net nog kan maak. Daar is geen persoon met rang in die groep nie, maar 'n paar verstaan Portugees en die tolk raak met hulle besig. Later kom sê hy dat een van hulle wou weet wanneer hulle in Moskou gaan aankom. Dis 'n redelike skok toe hulle hoor dat hulle op pad is Suid-Afrika toe.

Dis al sá laat toe ons by Madimbo aankom, dat jy nie meer die aanloopbaan van daarbo af kan sien nie, maar die vlieënier is duidelik goed gatvol vir die hele dag se gewag in Maputo en sit ons in sterk skemer met behulp van sy eie landingsligte neer.

Die tydelike kamp vir die opleiding is net langs die aanloopbaan. Die opleidingsplek is duidelik goed gekies, want daar is nie 'n siviele voertuig binne kilometers waarin hulle kan vasry nie, en die aanloopbaan is só lank en breed dat selfs 'n moroon dit moeilik sal vind om teen iets vas te ry.

Outydse rate

Ingestuur deur Gerrit Theron van Hartenbos

Nog goeie raad uit Mevr. D.J.H. se Resepteboek van 1913:

Genezing voor zwaarlijvigheid [te dik worden]

Die enigste genezing die er is, voor te dik worden, is zich self onthouden in eten en drinken, verenigd met genoeg oefening. Iedereen kan zijn of haar gewicht verminderen bij het nalaten van alle stijfselachtige voedsel zoals brood, aardappels, melige eten, boter, melk, eiers, taart of pastij, room en alle zoete spijzen.

Drink een kopje kookwater smorgens en avonds.
Ontbijt moet wezen: een kopje flauw tee en grof brood. Als er appels zijn dan ook een appel.
Middagmaal: Vis, hoender of twee stukjes mager vlees. Groenten en vruchten zonder suiker. Een kopje tee achtermiddag met grof brood.
Avondeten: Vis, appels en grof brood. Een kelkje goede wijn kan agter de middagmaal genomen worden. Sommige mensen zullen zeker liever een kopje koffie neem inplaats van wijn.

(Daar het julle dit nou. Hedendaagse dieëtkundiges verkondig vandag nog steeds dieselfde. Daar is waarlik niks nuuts nie. - Gerrit.)

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Bodemer
yolandi.bodemer@vodamail.co.za Ek is getroud met Ludwig Bodemer. Sy oupagrootjie het na Suid-Afrika gekom en ons kind is nou die vyfde geslag.

Coetzee carel.coetzee@bcx.co.za

Grové
c.grove@telkomsa.net Christoffel Johannes
Ek is in besit van n boek van die Grové-stamboom soos nagevors deer Fredrik Albertus Grové.

Hendriksz
jhz@webmail.co.za Dirk Hendriksz,Ouma: Susan Hendriksz(Koekemoer), Oupa: Gawie Hendriksz.

Human humangerhard@gmail.com

Myburgh
lrst@telkomsa.net Hendrik Johannes Myburgh (Piketberg, Koringberg)
Elizabeth Magrietha Myburgh (neé Carstens).

Odendaal atodendaal@telkomsa.net

Peens
antartica@live.co.za My pa Johannes Coetzee Peens. My ouma soos ek haar ken Joey Peens.

Petzer
stevepetzer@gmail.com Sover ek weet is ek die vyfde Stephanus Petrus Petzer, my oudste seum die sesde. Daar is 'n Petzer-familiegroep op Facebook se webwerf.

Theunissen
ctheunissen@justice.gov.za Soek stamboom.

Van der Merwe juanine1@hotmail.com

Venter janensusan@mweb.co.za Ek is dringend op soek na enige inligting oor my ouma, Anna Susanna Basson (Venter) gebore ongeveer 1873. Sy was getroud met August Lourens Basson, hulle het op die familieplaas, Nooitgedacht, distrik Middelburg, Mpumalanga, gewoon. Haar graf is ook daar, maar geen geboorte-en sterfdatum is aangeteken nie. Enige inligting, hoe gering ookal, sal opreg waardeer word!

Weber
webertj@iway.na Sal graag meer oor my voorsate te wete wil kom

Woeke
owen@woeke.co.za

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Sprokies - lesers laat waai!

Ons het verlede keer gevra Kammalanders moet skryf en sê wat dink hulle van die Britte wat die sprokies waarmee ons almal grootgeword het, nou op die ashoop wil gooi.

Wat's volgende: Pinokkio?

Tersa Murray:

Ek het met die sprokies groot geword en geniet nou nog die DVD weergawes wat op die rak is saam met my seuntjies. Ek het 'n verstandelik gestremde seuntjie van 11 met 'n geweldige verbeelding en dramatalent. Hy leef die sprokiekarakters in verskillende stemtone op die speelterrein, in sy "one-man show" elke dag uit. Die waarde vir sy woordeskat en uitleef in die fantasiewêreld, is meer werd as enige terapie.

Ironies.....in hierdie misdaadmekka samelewing wêreldwyd kry hul bloedjies nagmerries van feeverhale .....? Maar, die DEMONIESE Harry Potter kry rekord verkope in Engeland .... daai ouers gee MY NAGMERRIES net om aan hul te dink!!

My seuns is nou in die Pinnochio en Nils Holgersohn fase met die herhalende kyk wat my teen die mure uitdryf, maar dis beter as die gedrogte met verbloemde heksery van ander goed op TV. My 7-jarige spaar hard aan 'n kaartjie vir as hy eendag op "Versiteit" is, "Lapland" toe te vlieg.....soos Nils en die ganse :-)

Wats volgende? Pinnochio gee die Goeie Fee aan by Childline, want sy kinderregte is geskaad omdat hy gestraf was met 'n lang neus?

Baie erger dinge as sprokies

Denise Smith, Goodwood, Kaap:

Om die waarheid te sê het ek oor die jare gewonder oor die wreedheid van al die kinderverhale. Maar hier is die boekrak nog volgepak van al die ou verhale en selfs die kleindogter geniet nou die oom en ma se kleintyd boeke.

Die mense moet eerder die hedendaagse geweldadige stories wat hulle elke dag op televisie vir die kinders wys onder oë kry. Die geweld ontstel my as ma en ouma. Stories soos Bart Simpson en Telly Tubbies word glad nie in my dogter se huis gekyk nie. Dan is daar die vreeslikste ruimtestories, bonatatuurlike wesens wat met mekaar baklei en opblaas.

Skool toe om te leer om self te lees!

Trudie Rossouw:

Ek het daardie blad met die sprokies vir 'n paar vriendinne voorgelees en almal se reaksie het gewissel van - verstom - is hulle getik en 'n paar ....

Dink nou net wat daardie ouers sal doen as hulle kinders na Liewe Heksie moet luister - ek verbeel my so 'n paar jaar terug was die arme Heksie in die moeilikheid by ouers hier in Duskantland.

Ek het grootgeword met die ougat Heksie want ek kon al die platespeler aan die gang sit voordat ek kon lees. Dit was een van die redes hoekom ek baie graag skool toe wou gaan sodat ek self die stories kan lees - ipv om vir iemand te wag om dit te kom lees.

En die stories was nie so wreed nie - ek het nog niemand getoor nie - al wou ek 'n paar mense al met my besem bykom.

Laat my wonder

André Greeff:

Julle vra my om spesifiek oor die Britte se sneeuwitjie debakel te kommentaar: Ja, ek wonder wat hulle sou sê oor hulle "slagspreuk".....siembamba mamma se kindjie.....". As ek na die honderde ABO konsentrasiekampfotos wat ek het kyk, en my soms daaroor starend dood huil, ja steeds, wonder ek hoe kloutjies en oortjies aan dieselfde dier.

Troos eie gewetes

HeJo:

Ag shame, ok nie meer tyd om self stories te vertel nie, nou word dit op die ashoop gegooi. it alles terwyl die arme bloedjies toegang het tot elke STOK (Seks, Taal, Onwelvoeglike, Kaalgat) op TV voor slaaptyd.
So troos Pappa Beer en Mamma Beer hul gewete, en Boetie Beer en Sussie Beer word nie aan die verkeerde kant van die politiek opgevoed nie.

Die goeie wen dan altyd!

Ria Nieuwoudt:

Ek dink die Britte het nou heeltemal die dam onder die eend uitgeruk! Hoe maak dit sin dat die goeddeurleefde sprokies nou skielik vir nagmerries kan sorg, maar dat die bloedjies later aan Pokimon en ander soortgelyke programme blootgestel kan word, en nog later vasgenael kan sit voor rekenaarspeletjies wat net met een woord, en dis "bloederig!!", beskryf kan word.
Die sprokies dra 'n eenvoudige boodskap: daar is slegte dinge in die lewe, maar die goeie oorwin altyd die slegte. Boonop is dit lekker "swart en wit": die grens tussen goed en sleg is baie duidelik. 'n Mens kan dit nie altyd sê van die nuwerwetse kinderprogramme nie.
Nee wat! Hierdie ouma sal vir haar "pommie"-kleinkind steeds die ou bekende sprokies met al die by-effekte vertel!

En Harry Potter dan?

Christie Bloem, Johannesburg:

Dit is loutere onsin en ek dink die Britte moet hulle koppe laat lees!! Hulle het nie 'n "clue" waaroor dit gaan nie. Hulle raak opgewonde oor Harry Potter en as hulle bietjie mooi gaan sit en dink sal hulle sien dat al die kindersprokies oor een ding gaan. Die goeie wen altyd op die ou einde. Selfde met Harry Potter: op die ou einde het die goeie die slegte oorwin. As ek dit verder kan vat wil ek Harry Potter en al die kindersprokies met die Bybelboek Openbaring vergelyk. Ook daar het die goeie die slegte of bose oorwin.
Ek wens net hulle wil ophou grênd probeer wees en weer terug dink aan hulle eie kinderjare. Almal het groot geword met die kindersprokies en niemand is skade aangedoen nie. Inteendeel, daar's baie lewenslesse in die stories.

Kinders het fantasie nodig

Truida Pretorius:

Gelukkig het ek ook grootgeword met al die sprokies en vertel dit ook aan my kleinkinders. Net soos die tandmuis en Kersvader het kinders nodig om ook 'n fantasiewêreld te hê. Ek speel kamma Poker met my 2 kleinkinders. Die een is 3 jaar oud, en kan tel en identifiseer elke kaart. Dit sal seker ook kritiek uitlok. Ons lees ook die Kinderbybel vir hulle. Hulle ken al die populêre stories veral Goliat wat deur Dawid met 'n klip doodgegooi is.

Beter as die nare waarheid

Brenda Gibb, Australië:

Wat is die verskil teenoor sprokies verhale en om vir jou kinders te jok oor Vader Kersfees en dan hulle toe te laat om films te kyk waar Kersvader amper uit besigheid gaan want 'n groen "Grinch" of sneeuman wil Kersfees steel en dan boonop is daar nog die stoute kinders wat net kool kry vir Kersfees????
As jy dan sooo polities korrek wil wees, neem TV weg en maak seker die kinders praat met niemand buiten die ouers nie.
Kinders het 'n verbeelding nodig en as dit nie sprokiesverhale is nie gaan dit iets erger wees. Die wêreld is wreed soos dit is hoekom 'n verbeelding wegneem van hulle af? So moet ons dan vir hulle eerder vertel wat regtig aangaan in die wereld inpleks van sprokies verhale? Selfs ek sal dan nagmerries kry!

Morele lessies

Martie Lessing:

Ons het almal n splinternuwe jaar voor ons waar daar goeie en minder goeie dinge gaan gebeur. Net soos in die sprokies, hoop ons dat die goeie oor die bose sal seevier. Dit sal jammer wees as die ou verhaaltjies tot niet gaan. Ek glo menige ouer het n morele lessie ingewerk al was daar nie altyd een nie. Die wêreld daar buite het sy kwota prinsesse, hekse,aspoestertjies,wolwe,stiefmas.

Die goeie moet net seëvier

Annatjie Fuhrie, Vanderbijlpark:
Ek het sommer lekker gelag vir die klomp lawwe Engelse. Sneeuwitjie is te erg, maar Harry Potter is aanvaarbaar?
'n Hele klomp goed spring sommer in my kop hieroor : Op laerskool het ons die spreekwoord geleer – dit reën ou meide met knopkieries. Maar dit is ook mos nou polities verkeerd, die regte spreekwoord moet nou seker wees: dit reën bejaarde swart dames met wandelstokke.
Weet jy, dit het mos nie dieselfde trefkrag nie.
Kinders, veral kleintjies, hou van 'n patroon in die storie. Hierdie sprokies het almal een : kwaad word oorwin deur die goeie. Dis ook waarom ons altyd die stories van Dawid en Goliat en Daniel in die leeukuil herhaaldelik wou hoor.
(Oor die baie reën: Ons man wat weet, sê die regte, polities korrekte Afrikaans is "dit reën paddas en platannas." Maak nogal sin!)

Verbeelding geprikkel

Philip du Plessis, Vredendal:
Dis 'n groot jammerte dat ouers sulke verwronge idees het oor onskuldige storietjies soos Sneeuwitjie en dan is die ware wêreld veel meer wreed.
As kind kon ek my verbeelding wye draaie laat loop as my ouers vir my hierdie storietjies vertel het, maar vandag is daar nie meer tyd daarvoor tussen al die skei-ooreenkomste, onderhoudsbedinginge, oortydwerkery, werkspartytjies ens. nie, en moet bloedjie en sy sussie maar voor die kassie hul tyd verwyl. Ma en pa (as daar nog een of albei is) is net eenvoudig te moeg om nog 'n storietjie voor slaaptyd te lees.

Rustig met hekse

Brunilda Monnig, Verenigde Arabiese Emirate:
EK het as kind grootgeword met al die sprokies, maar kan eerlikwaar nie onthou hoe "wreed" dit vir my vertel is nie.
My oudste dogtertjie is 3½ en ek vertel haar al die stories, maar ek maak dit minder wreed. Al die boeke hier is Engels en ek "lees" hulle in Afrikaans, so verander die storie so effens.
My kleinding is rustig met hekse want ek het haar vertel hulle is net in storie land. Gemmerbroodmannetjie is glad nie verdraai nie want ons eet self sulke mannetjies en hy kan maar net praat omdat hy in storieland bly. Dit gee 'n idee hoe hierdie stories in ons huis vertel word. My kleinding is mal oor Goue Lokkies en "lees" kort-kort vir haarself. Ek voel ons moet die stories behou.

Nou wonder ons mos wat sal die Engelse sê van dié

'Grimm-sprokie'



Dis *terrible* nuus!

Hannah Wentzel, Kempton Park:
My genade kan jy nou meer! het dei Britte nou heelemal kens geraak Dis mos nou terrible nuus om tehoor dat die Britte en hulle politieke nou so iets wil aanvang met die eeu oue /sprokies verhale genade tog waar gaan die wereld heen??

Wat van ons kleinkinders?? Al daai stories was my fafourites regdeur my kinderjare,het nooit moeg geraak vir hulle nie,en elke keer as ek hulle gelees het was dit vir my 'n nuwe ervaring.

Skurk moet verloor

Lynette Berry:
Ek dink, nee ek weet, polities korrektheid is 'n klomp bog, twak en onsin. Selfs die arme "golly wog" in die Noddy boeke is verban.
Kinders geniet 'n storie met so 'n bietjie skop so lank daar 'n gelukkige einde is en die skurk sy g@t sien.

Skoondogter sit Liewe Heksie in asblik!

Corrie Greyvenstein:
Ek dink dis absurd om al die pragtige kinderstories van die kinders af weg te hou. (Ek het so skoondogter). Ek het vir die kinders die dvd van Liewe Heksie gekoop en hulle mag nie daarna kyk nie! Selfs al die Superman en dergelike karakters is uit die kinders se kamers verwyder - asblik en al!
Ek het met al die sprokies grootgeword en ék is oukei!
Ek het vir my kinders storieboeke gekoop by die hope, omdat ek lief is vir lees en koop nou nog graag vir die kleinkinders boeke.
Waar gaan die mensdom heen? Pleks hulle worry oor al die perverse gemors en geweld wat op TV die kinderprogramme oorheers.

Ek en wederhelf verskil

Leonie:
My wederhelf voel die sprokies wat ons mee groot geword het is beslis te geweldadig en voel dat ouers sprokies in sommige gevalle vertel as die volle waarheid en daardeur vir die kinders jok en dan verwag ouers dat hul kinders altyd die waarheid moet praat.
Hy voel dit stuur die verkeerde boodskap uit.
Ek dink weer ek het groot geword met sprokies en makeer absoluut niks. Daar kom wel n stadium in n kind se lewe wat hulle kan onderskei tussen feit en fiksie.

En die wenner is . . .
Moeilike keuse, maar die prys gaan Sandland toe! Baie geluk aan **Brunilda Monnig** van die V.A.R.!

AGTEROS

Krieket is 'n ander speletjie

Deur RUDI HEYMANN

"Grasmere se bouler was so 'n kort fris mannetjie,
slagter van beroep, met bo-arms soos 'n oerie-oetang.
As hy 'n bal geboul het, het 'n mens net 'n fluit
deur die lug gehoor, en niks gesien nie."

Sit ek en Jo-Jo nou die aand vreedsaam op die stoep en help die son sak. Jo-Jo handjies rustig gevou op haar skoot, want die sokkies is gestop en knope aangewerk; ek met 'n kelkie halfsoetetjies uit die boks, om te peins oor onse Blommetjies wat pas weer 'n toets teen een van die spanne uit die Subkontinent verloor het.

Snaaks, sê ek vir haar, hoe hierdie manne sommer so maklik 'n bal op die verkeerde plek kan gooi. 'n Mens sal dink ons boulers kan darem al raker gooi na al die jare van oefening wat seuns kry om klippe na straatlampe te gooi. Ek kon in standerd vyf al drie lampe uit elke vyf stukkend gooi. Dis nou totdat konstabel Raubenheimer my daardie dag betrap het.

Wat het hy met jou gedoen? vra Jo-Jo.

Hy het my 'n sersant gemaak, sê ek. Maar van agter. Ek dink die strepe sit nog daar.

Maar dit is nie waaroor ek wil praat nie. Ek dink maar aan die dag toe Hospitaal se krieketspan teen Grasmere gespeel het. Vierde plattelandse liga. Die veld was seker 'n koeikamp, want dit was kaalgewei, en oral het droë miskoeke rondgelê. Ons moes maar wegkrap waar ons die krieketmat gelê het om darem 'n soorte van 'n kolfblad te maak.

Ek was een van Hospitaal se boulers. So 'n soort van medium-laag halfstadige aflewering gehad. My eerste bal het mooi getrek, nadat Grasmere se aanvangskolwer hom vol in die gesig getref het. Ses! roep hulle kaptein, wat sommer ingestaan het vir skeidsregter.

Die tweede bal moes ons onder in die vlei tussen die wilgers gaan soek, wat ons 'n tien minute blaaskans gegee het. Maar toe word daardie mannetjie gans te hans. Hy kom drie tree vorentoe om die bal tegemoet te loop. Maar dit was te ver. Die bal was nog in die lug toe kom die kolwer se kop in die pad. Ja, hy was uit. Uit soos 'n kers. Hy kon nie eers wraak neem teen my toe ek op nommer elf moes kolf nie.

Grasmere het 65 gemaak.

Ons kaptein, wat dié pos *ex officio* beklee het omdat hy assistent-superintendent van die hospitaal was, het ons kolfbeurt geopen, om dieselfde rede, saam met die penningmeester – dis nou van die klub, nie die hospitaal nie. Hy kon nie ver genoeg tel om die hospitaal se geldsake te behartig nie, en ons klub het geen finansies gehad nie. Ons het maar elke week onder mekaar gekollekteer om 'n bal vir die wedstryd te koop.

Grasmere se bouler was so 'n kort fris mannetjie, slagter van beroep, met bo-arms soos 'n oerie-oetang. Net so lank ook. As hy 'n bal geboul het, het 'n mens net 'n fluit deur die lug gehoor, en niks gesien nie.

Swanie, ons kaptein, het gans te laat gekoes vir die eerste bal, met sy kolf so half in die lug. Die bal het die kolf soos 'n kanonkoeël getref en dwarsoor die paaltjiewagter se kop getrek, vir 'n ses.

Ons moes daardie aand ons biergeld opoffer om 'n nuwe kolf te kan koop. Gelukkig het ons darem 'n spaar kolf saamgebring. Swanie het twintig lopies gemaak terwyl die ander kolwers een vir een vir minder as vyf per man uitgehaal of bewusteloos geboul is deur die slagter.

◇ ◇ ◇

Ek was nommer elf; ook maar net daar om die kolflys vol te maak. Maar nou moes ek saam met Swanie nog vyf lopies maak om te wen. Ek het ook maar net gekeer vir my *wickets* toe die eerste bal laag tussen my bene deur trek.

Toe kom ek agter ek het vergeet om die "boks" aan te trek. En ek voel alles in my krimp inmekaar van vrees vir die volgende bal.

Toe hy ook aankom, gaan staan ek reg voor die paaltjies, met my kolf regaf in die middel voor my. En Slagter se aflewering kom op my af soos die Transkaroo op volspoed. Ek maak toe ook maar my oë toe om nie die doodskoot te sien nie. En kaplaks! tref die bal my kolf so halflyf aan die buiterand. Maar ek voel geen pyn nie.

Toe ek my oë oopmaak hoor ek net hoe die manne skree: Fô!

Dit was die hoogste telling wat ek ooit gemaak het. Die volgende bal het my paaltjies middelpen getref. Maar dit was nog nie die einde nie. *No ball!* roep die skeidsregter, een van ons manne wat ingestaan het, en daar wen ons toe met dié ekstra lopie.

Ons moes hardloop vir ons lewens, voor Grasmere se manne uit, om by die karre te kom, voor hulle ons kon bykom.

Ja, ou Jo-Jotjie, sug ek, ek weet tot vandag toe nie of daardie bal regtig 'n foutbal was of nie. Maar, nou ja, skeidsregters maak nog tot vandag toe foute met beslissings.

Die boeke sê ons het gewen.

Die volgende KAMMANUUS se datum is
9 FEBRUARIE